

**BELEID**

**FINANSIËLE BYSTAND -  
AMPTENARE**

## **BELEID**

### **FINANSIËLE BYSTAND - AMPTENARE**

#### **1. BELEIDS RIGLYN**

Die Raad verskaf finansiële bystand in die vorm van lenings aan amptenare op die volgende grondslag :

- ★ 'n Deeglike motivering (skriftelik) van die betrokke amptenaar wat die behoefté en die finansiële implikasies van sodanige versoek tot finansiële bystand, duidelik uitspel.
- ★ Finansiële bystand sal slegs verskaf word ten einde lewensnood te verlig of die verbetering van lewenskwaliteit (behuisingsverbetering of aanskaffing) moontlik te maak.
- ★ Die finansiële implikasie moet baie duidelik bepaal en aangedui word, te wete :
  - \* Implikasie van sodanige bystandlening op die Raad se finansiële posisie
  - \* Implikasie van die terugbetaling van sodanige bystand lening op die werknemer se maandelikse finansiële posisie
  - \* Die opstel van wettige leningsooreenkoms tussen die Raad en die werknemer
  - \* Nougesette monitering van terugbetaling van sodanige leningsbystand aan die Raad
  - \* Skriftelike bewyslewering sal van die amptenaar vereis word ten einde die behoefté aan finansiële bystand te verifieer asook 'n opgawe van bates en laste.

## **2. TERUGBETALINGSVOORWAARDES**

Die volgende voorwaardes geld met die terugbetaling van gelde geleent deur werknemers by die Raad:

- ★ Die terugbetalspaaiemint mag nie 20 % van die werknemer netto salaris oorskry nie.
- ★ Die rentekoers vir terugbetaling sal die heersende primakoers + 2 % beloop
- ★ Die termyn van terugbetaling sal nie 60 maande oorskry nie.
- ★ Die werknemer bied as sekuriteit alle voordele soos uitstaande verlofkrediete, salaris asook pensioenvoordele aan die Raad.
- ★ In die geval van voortydige diensverlating sal die Raad as eerste krediteur mag aanspraak maak op bovemelde voordele
- ★ Alle ooreenkomste en terugbetalings moet binne die finansiële stelsels van die Raad hanteer word en saal jaarliks geouudit word.